2. Tien melaatses

Luk 17:11-19

VERWELKOMING: **5 MIN**

YSBREKER: **25 MIN**

- Watter siekte maak jou die bangste en hoekom?
- Mense met watter siekte wil jy nie naby jou hê nie?
- Vertel van die keer wat jy 'n aansteeklike kindersiekte onder lede gehad het.

AANBIDDING: **5 MIN**

Staan in 'n kring en laat elke persoon een sinnetjie bid waarvoor hy dankbaar is.

BYBELSTUDIE: **25 MIN**

Melaatsheid is 'n aansteeklike siekte wat gekenmerk word deur sere aan die hande, gesig en lyf. **Melaatsheid** is 'n aansteeklike siekte wat veroorsaak word deur die bakterieë, *Mycobacterium leprae* en *Mycobacterium lepromatosis*. Melaatsheid val die periferale senuwee en die slymvliese van die boonste lugweg aan en kom voor as 'n vel letsels. Anders as wat leke wysheid vertel, word melaatsheid nie geassosieer met die spontane verlies van ledemate nie. Ledemate word wel gedisfigureer deur die siekte en mag dalk geamputeer as gevolg van die simptome van die siekte.

Mense wat aan melaatsheid ly word as uitgeworpenes behandel en herstel nie maklik nie – fisies en geestelik. As gevolg van die sosiale stigma aan melaatsheid het melaatse kolonies gevorm.

Lees Luk 17:11-19

- Hoe sou dit voel om melaats (ongeneeslike siekte) te wees?
- Wat sou dit vir jou beteken om gesond te wees?
- Wat het verhoed dat die ander nege Jesus bedank?
- Hoe kan ons meer dankbaar wees vir wat God vir ons doen?

DIENSWERK: **15 MIN**

Bespreek die dankbaarheid van die mense wat jy bedien het. Bespreek ook hoe jy jou dankbaarheid gaan betoon teenoor jou gesin.

GEBEDSRIGLYN: 10 MIN

Maak ’n lys van mense wat julle ken met ’n gevreesde siekte. Dra hom/haar in gebed aan God op.

ADMINISTRASIE: 5 MIN